Vraelysnommer

| | | |
|---|---|---|
| | | |

(Vir kantoorgebruik)

# VRAELYS

**Die sorgsame toesighoudingsplig van 'n Siviele Tegnologie werkswinkel-onderwyser ter bevordering van leerderveiligheid**

(Slegs **departementshoofde** en **posvlak 1 opvoeders** wat by Siviele Tegnologie betrokke is, word versoek om die vraelys in te vul)

Geagte kollega
Hiermee word u vriendelik versoek om die onderstaande vraelys in te vul. Dit behoort nie langer as 15 minute van u tyd in beslag te neem nie. Aangesien die inligting slegs vir navorsingsdoeleindes benodig word, word u versoek om nie u naam op die vraelys te verstrek nie. Die vraelysnommer word slegs vir kontroledoeleindes gebruik. Alle vraelyste word as **uiters vertroulik** hanteer en daar sal geen melding van u skool in die navorsingsverslag gemaak word nie. Om die mees betroubare en mees korrekte inligting te bekom word u vriendelik versoek om die vraelys op u eie in te vul.
Baie dankie dat u bereid is om u waardevolle tyd hiervoor af te staan en op dié wyse deel uit te maak van die navorsingsprojek.

**Afdeling A: Biografiese gegewens**

Beantwoord die vrae deur slegs 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek

| | | | X | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Geslag | Manlik | | 1 |
| | | Vroulik | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | Ouderdom | 20-25 jaar | | 1 |
| | | 26-30 jaar | | 2 |
| | | 31-35 jaar | | 3 |
| | | 36-40 jaar | | 4 |
| | | 41-45 jaar | | 5 |
| | | 46-50 jaar | | 6 |
| | | 51-55 jaar | | 7 |
| | | 56-60 jaar | | 8 |
| | | 61-65 jaar | | 9 |
| | | Ouer as 66 jaar | | 10 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | Watter pos beklee u? | | | |
| | | Departementshoof | | 1 |
| | | Posvlak 1 opvoeder | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 | Jaar waarin u **eerste** onderwyskwalifikasie verwerf is | Voor 1996 | | 1 |
| | | Na 1996 | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Jaar waarin u **laaste** onderwyskwalifikasie verwerf is | Voor 1996 | | 1 |
| | | Na 1996 | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | By watter tersiêre instansie het u u eerste onderwyskwalifikasie verwerf? | | |
| | POK | | 1 |
| | NKP | | 2 |
| | GOK | | 3 |
| | TUKS | | 4 |
| | UOVS | | 5 |
| | NWU / PUKKE | | 6 |
| | WITS | | 7 |
| | RAU / UJ | | 8 |
| | VISTA | | 9 |
| | UNIV van die NOORDE | | 10 |
| | UCT | | 11 |
| | UNISA | | 12 |
| | Ander: | | 13 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7 | Hoeveel jaar het u diens in die huidige pos? | 0-3 jaar | | 1 |
| | | 4-8 jaar | | 2 |
| | | 9-12 jaar | | 3 |
| | | 13 + jaar | | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8 | Hoeveel jaar is u al 'n praktiserende opvoeder? | 0-5 jaar | | 1 |
| | | 6-10 jaar | | 2 |
| | | 11-15 jaar | | 3 |
| | | 16-20 jaar | | 4 |
| | | 21 + jaar | | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9 | Wat is u hoogste **onderwys**kwalifikasie (merk slegs hoogste kwalifikasie) | | |
| | Matrieksertifikaat (Gr.12) | | 1 |
| | Matriek + 1 jaar verdere studie | | 2 |
| | Matriek + 2 jaar verdere studie | | 3 |
| | Matriek + 3 jaar verdere studie | | 4 |
| | Onderwysdiploma (3 of 4 jaar) | | 5 |
| | Onderwysdiploma plus 1 of meer VDO's of GOS kwalifikasie | | 6 |
| | Baccalareusgraad plus 'n onderwysdiploma | | 7 |
| | B.Ed Honneurs | | 8 |
| | M.Ed | | 9 |
| | D.Ed of Phd (onderwys) | | 10 |
| | Ander: | | 11 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 | Wat is u hoogste kwalifikasie in **onderwysreg** (Merk slegs 1 keuse) | | |
| | Slegs 'n module in die finale jaar van 'n 3- of 4-jaar onderwysdiploma | | 1 |
| | Slegs 'n module in die nagraadse onderwysdiploma | | 2 |
| | Verdere Diploma in Onderwys met onderwysreg as vak | | 3 |
| | B.Ed met onderwysreg as vak | | 4 |
| | M.Ed met onderwysreg as vak | | 5 |
| | M.Ed in onderwysreg | | 6 |
| | Geen | | 7 |

**Afdeling B: Demografiese inligting van u skool**

| | | X | |
|---|---|---|---|
| 11 | Is u skool: | | |
| | 'n histories benadeelde skool? | | 1 |
| | 'n histories bevoordeelde skool? | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12 | Die medium van onderig in u skool is: | | |
| | Engels | | 1 |
| | Sotho | | 2 |
| | Afrikaans | | 3 |
| | Tswana | | 4 |
| | Xhosa | | 5 |
| | Dubbelmedium: Afr & Eng | | 6 |
| | Ander: | | 7 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13 | Aantal leerders in u skool: | | |
| | 50-200 | | 1 |
| | 201-400 | | 2 |
| | 401-600 | | 3 |
| | 601-800 | | 4 |
| | 801-1200 | | 5 |
| | 1201-1500 | | 6 |
| | 1501 + | | 7 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14 | Hoeveel leerders in u skool in totaal neem Siviele Tegnologie? | | |
| | 0-20 | | 1 |
| | 21-40 | | 2 |
| | 41-60 | | 3 |
| | 61-80 | | 4 |
| | 81-100 | | 5 |
| | 101-130 | | 6 |
| | 131 + | | 7 |

| 15 | Watter vak het u aangebied voordat Siviele Tegnologie in 2005 tot stand gekom het? | | |
|---|---|---|---|
| | Technika Siviel | | 1 |
| | Boukonstruksie | | 2 |
| | Houtwerk | | 3 |
| | Steen en messelwerk | | 4 |
| | Loodgieterswerk | | 5 |
| | Ander: | | 6 |

| 16 | Hoeveel onderwysers by u skool bied Siviele Tegnologie aan? | | |
|---|---|---|---|
| | Een | | 1 |
| | Twee | | 2 |
| | Drie | | 3 |
| | Ander: | | 4 |

| 17 | Wat is die gemiddelde grootte van u Siviele Tegnologie-klasse? | | |
|---|---|---|---|
| | 10-20 | | 1 |
| | 21-30 | | 2 |
| | 31-40 | | 3 |
| | 41-50 | | 4 |
| | 51 + | | 5 |

| 18 | Wat is die maksimum hoeveelheid leerders wat u werkswinkel op een slag tydens praktiese werk kan akkommodeer? | | |
|---|---|---|---|
| | 10-15 | | 1 |
| | 16-20 | | 2 |
| | 21-25 | | 3 |
| | 26-30 | | 4 |
| | 31-35 | | 5 |
| | 36-40 | | 6 |
| | 41-45 | | 7 |
| | 46 + | | 8 |
| | Onseker | | 9 |

**Afdeling C: Veiligheidsdeterminante in die Siviele Tegnologie-werkswinkel**

| 19 | Hoeveel leerders is in die afgelope 3 jaar in u Siviele Tegnologie-werkswinkel beseer? | X | |
|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 |
| | Minder as 10 | | 2 |
| | 11-15 | | 3 |
| | 16-20 | | 4 |
| | Meer as 20 | | 5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20 | Waarmee het die leerders hulle beseer? (Merk almal van toepassing) | | | | | |
| | | | Ja | | Nee | |
| | 20.1 Handgereedskap: | Snygereedskap | | 1 | | 2 |
| | 20.2 | Gedrewe gereedskap | | 1 | | 2 |
| | 20.3 | Klem gereedskap | | 1 | | 2 |
| | 20.4 | Slyp gereedskap | | 1 | | 2 |
| | 20.5 Elektriese handgereedskap | | | 1 | | 2 |
| | 20.6 Vaste masjinerie: | Sirkelsaag | | 1 | | 2 |
| | 20.7 | Vlakskaaf | | 1 | | 2 |
| | 20.8 | Bo-armsaag | | 1 | | 2 |
| | 20.9 | Bandsaag | | 1 | | 2 |
| | 20. 10 | Bandskuurmasjien | | 1 | | 2 |
| | 20. 11 | Geen van bogenoemde | | 1 | | 2 |
| | Ander: | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21 | Vind daar veiligheidsinspeksies op die masjinerie in u werkswinkel plaas? | | | |
| | | Ja | | 1 |
| | | Nee | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22 | Hoe gereeld vind veiligheidsinspeksies op die masjinerie in u werkswinkel plaas? | | | |
| | | Nooit | | 1 |
| | | Weekliks | | 2 |
| | | Maandeliks | | 3 |
| | | Kwartaalliks | | 4 |
| | | Jaarliks | | 5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 23 | Indien inspeksies op u masjinerie gehou word, wie voer dit uit? | | | | | |
| | | | Ja | | Nee | |
| | 23.1 | Onderwyser self | | 1 | | 2 |
| | 23.2 | Departementshoof | | 1 | | 2 |
| | 23.3 | Beheerliggaam | | 1 | | 2 |
| | 23.4 | Privaat maatskappy | | 1 | | 2 |
| | Ander: | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24 | Bestaan daar 'n veiligheidskomitee by u skool? | | | |
| | | Ja | | 1 |
| | | Nee | | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25 | Hoe dikwels word vergaderings van die veiligheidskomitee gehou? | | | |
| | | Weekliks | | 1 |
| | | Maandeliks | | 2 |
| | | Kwartaalliks | | 3 |
| | | Halfjaarliks | | 4 |
| | | Jaarliks | | 5 |
| | | Word nie gehou nie | | 6 |

| 26 | Wie herstel en onderhou die masjinerie in u Siviele Tegnologie-werkswinkel? | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 26.1 Onderwyser self | | 1 | | 2 |
| | 26.2 Departementshoof | | 1 | | 2 |
| | 26.3 Beheerliggaam | | 1 | | 2 |
| | 26.4 Privaat maatskappy | | 1 | | 2 |
| | 26.5 Onderwys Departement | | 1 | | 2 |
| | 26.6 Word nie herstel nie | | 1 | | 2 |
| | Ander: | | | | |

| 27 | Het u opleiding ontvang in die herstel en onderhoud van die volgende vaste masjinerie?: | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 27.1 Sirkelsaag | | 1 | | 2 |
| | 27.2 Vlakskaaf | | 1 | | 2 |
| | 27.3 Bo-armsaag | | 1 | | 2 |
| | 27.4 Bandsaag | | 1 | | 2 |
| | 27.5 Bandskuurmasjien | | 1 | | 2 |

**Afdeling D: Veiligheidsbeleid in die Siviele Tegnologie-werkswinkel**

Gee by die volgende vrae u mening deur 'n kruisie te trek in die blokkie van u keuse:
Die betekenis van die nommers is die volgende:

1 Glad nie
2 In geringe mate
3 In meerdere mate
4 Ten volle

| | | Glad nie | Geringe mate | Meerdere mate | Ten volle |
|---|---|---|---|---|---|
| 28 | In watter mate is u vertroud met toepaslike voorskrifte met betrekking tot veiligheid in die Siviele Tegnologie werks-winkel soos vervat in: | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 28.1 Vakbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 28.2 Skoolbeleid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 28.3 Wetgewing | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 29 | In watter mate voer u die voorskrifte soos onder meer vervat in die beleidstukke en wetgewing noukeurig uit? | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | Glad nie | Geringe mate | Meerdere mate | Ten volle |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 30 | Meen u dat u genoeg inligting rakende veiligheid in die Siviele Tegnologie-werkswinkel van die Departement ontvang / het? | | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 | In watter mate word daar in die Siviele Tegnologie-werkswinkel van u skool aandag aan die volgende geskenk? | | | | | |
| | 31.1 | Die implementering van 'n duidelike skoolbeleid oor leerderveiligheid in die Siviele Tegnologie-werkswinkel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.2 | Die uitvoering van beleid met die klem op leerderveiligheid. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.3 | Die uitkenning van onveilige toestande in die Siviele Tegnologie-werkswinkel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.4 | Die tref van voorsorgmaatreëls wat gemik is op leerderveiligheid in die Siviele Tegnologie-werkswinkel. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.5 | Die toepassing van dissiplinêre maatreëls teen leerders wat veilgheidsmaatreëls opsetlik oortree. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.6 | 'n Noukeurige rekord van alle werkswinkel-ongelukke wat ten doel het om herhaling te voorkom. | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.7 | Word veiligheidsdemonstrasies aan leerders gegee met elke masjien wat hulle gaan gebruik? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.8 | Word 'n teenwoordigheidsregister van al die leerders wat die veiligheidsdemonstrasies bywoon, gehou? | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | 31.9 | Word veiligheidstoetse geskryf oor elke masjien wat leerders in u werkswinkel gaan gebruik? | 1 | 2 | 3 | 4 |

**Afdeling E: Toepassing van veiligheidsbeleid in die Siviele Tegnologie werkswinkel**

| | | X | |
|---|---|---|---|
| 32 | Beskik u skool oor 'n veiligheidsdrag-beleid? | | |
| | Ja | | 1 |
| | Nee | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 33 | Wie is verantwoordelik vir die voorsiening van oorpakke in u werkswinkel? | | |
| | Leerders self | | 1 |
| | Skool voorsien | | 2 |
| | Ander: | | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 34 | Wie is verantwoordelik vir die voorsiening van veiligheidsbrille in u werkswinkel? | | |
| | Leerders self | | 1 |
| | Skool voorsien | | 2 |
| | Ander: | | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 35 | Wie is verantwoordelik vir die **skoonmaak** van die masjinerie in u skool se Siviele Tegnologie-werkswinkel? | | |
| | Onderwyser | | 1 |
| | Leerders | | 2 |
| | Skoonmakers van skool | | 3 |
| | Ander: | | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 36 | Wat is u skool se beleid ten opsigte van praktiese werk in die Siviele Tegnologie-werkswinkel as u die dag afwesig is? | | |
| | Geen praktiese werk word gedoen as u afwesig is nie | | 1 |
| | Enige beskikbare aflosonderwyser hou toesig tydens praktiese werk | | 2 |
| | Slegs 'n ander Tegniese personeellid mag in u werkswinkel toesig hou | | 3 |
| | Daar is nie 'n vaste beleid oor toesig tydens praktiese werk nie | | 4 |
| | Ander: | | 5 |

**Afdeling F: Gevallestudie**

Mnr. B van Hoërskool Ayoba is ʼn baie bekwame en ervare Siviele Tegnologie-werkswinkelonderwyser, en is vertroud met die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (95 van 1993), die Suid-Afrikaanse Skolewet (84 van 1996 ) en die Wet op Kindersorg (74 van 1983). Hy is die Siviele Tegnologie-werkswinkel se verteenwoordiger in sy skool se veiligheidskomitee en woon pligsgetrou elke kwartaal se vergadering by.

Op ʼn sekere dag het mnr. B aan sy Graad 12-leerders opdrag gegee om ʼn houtwerkprojek te voltooi. Hulle moes as deel van die projek onderdele op die sirkelsaag sny volgens grootte. Hy het hulle herinner aan die vaste beleid in sy werkswinkel dat leerders te alle tye tydens praktiese werk oorpakke en veiligheids-brille moet dra. Hy het hulle ook daarop attent gemaak dat hulle van die voorsiende stootstokke moet gebruik maak as hulle saagwerk op die sirkelsaag gaan uitvoer.

Die vorige week het mnr. B die saaglemskerm van die sirkelsaag in sy werkswinkel verwyder omdat dit defektief was. Mnr. B was van mening dat dit veiliger sou wees om sonder die skerm te werk as daarmee, omdat dit 'n onveilige werksituasie sou skep vir sy leerders. Omdat die saaglem gevolglik ontbloot was, het hy sy leerders aangesê om stootstokke te gebruik sodat hulle hande nie naby die bewegende lem moet kom nie.

Terwyl die leerlinge besig was, het mnr. B ander leerders buite sy klas gesien wat om die hoekie gestaan en rook het. Hy het vinnig sy werkswinkel verlaat om hulle te gaan aanspreek. Hy was ongeveer een minuut buite sy klas.

Op daardie oomblik het een van die leerders, George, begin om aan die projekonderdele te saag. George het egter nie van die stootstok gebruik gemaak wat langs die saag gehang het nie. Sy hand het tydens die uitvoer van die snit van sy werkstuk afgegly en in aanraking gekom met die bewegende saaglem. Hy het in die proses ernstige beserings aan sy linkerhand opgedoen.

George se pa het vervolgens 'n eis teen mnr. B ingestel vir beserings wat sy seun opgedoen het, en aangevoer dat hy nalatig was in die uitvoering van sy sorgsame toesighoudingsplig.

Beantwoord die vrae deur 'n kruisie te trek in die blokkie van u keuse.

| | |
|---|---|
| 1 | Ja |
| 2 | Nee |
| 3 | Onseker |

| | | Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|---|---|
| 37 | In 'n regsgeding teen die onderwyser sal die ouer se aansoek om skadevergoeding waarskynlik slaag op grond van die feit dat mnr. B nie teenwoordig was tydens die ongeluk nie. | 1 | 2 | 3 |
| 38 | Al het mnr. B vooraf alle moontlike veiligheidsmaatreëls getref, kan hy aanspreeklik gehou word omdat sy aandag tydens die ongeluk by die skelm rokers was en nie by die klas nie. | 1 | 2 | 3 |
| 39 | Daar kan waarskynlik 'n verband aangetoon word tussen die verwydering van die saaglemskerm deur mnr. B en die ongeluk wat plaasgevind het. | 1 | 2 | 3 |
| 40 | Mnr. B kan gevolglik nie vir die voortspruitende skade verantwoordelik gehou word nie, aangesien George self onveilig opgetree het deur nie van die stootstok gebruik te maak nie. | 1 | 2 | 3 |
| 41 | George se versuim om nie 'n stootstok te gebruik nie, beteken dat hy meewerkende skuld dra by die veroorsaking van sy eie besering. | 1 | 2 | 3 |
| 42 | Mnr. B kan aanspreeklik gehou word vir George se beserings aangesien hy nie verseker het dat die leerder 'n stootstok gebruik het nie. | 1 | 2 | 3 |

| | | Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|---|---|
| 43 | Indien mnr. B aanspreeklik gehou kan word vir George se beserings, kan sy ouers suksesvol wees in 'n skadevergoedingseis teen mnr. B vir: | | | |
| | 43.1 Mediese uitgawes | 1 | 2 | 3 |
| | 43.2 Pyn en lyding | 1 | 2 | 3 |
| | 43.3 Verlies aan toekomstige inkomste | 1 | 2 | 3 |
| | 43.4 Misvorming | 1 | 2 | 3 |
| | 43.5 Verlies van lewensgenietinge | 1 | 2 | 3 |
| | 43.6 Emosionele skok | 1 | 2 | 3 |
| 44 | Daar rus 'n regsplig op mnr. B om toe te sien dat masjinerie nie 'n gevaar vir leerders inhou nie, en moes liefs toegesien het dat die saaglemskerm herstel word. | 1 | 2 | 3 |
| 45 | Mnr. B moontlik aanspreeklik gehou word vir nalatigheid weens die die ontoereikende instandhouding en versorging van die masjinerie in sy werkswinkel. | 1 | 2 | 3 |
| 46 | Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van die regsgeding indien mnr. B hom daarop kan beroep dat hy slegs in voorafgaande opdrag van sy Hoof die skelm rokers gaan aanspreek het. | 1 | 2 | 3 |
| 47 | Dit kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van die regsgeding indien die leerder in graad 9 was, en nie in graad 12 nie. | 1 | 2 | 3 |
| 48 | Mnr. B het die reg gehad om die defektiewe saaglemskerm te verwyder om 'n moontlike ongeluk te vermy. | 1 | 2 | 3 |
| 49 | Mnr. B se werkgewer kan ten volle aanspreeklik gehou word vir skadevergoeding indien mnr. B behoorlik toesig gehou het. | 1 | 2 | 3 |
| 50 | Indien daar bevind word dat mnr. B nalatig was, kan die onderwys-departement die skadevergoeding wat hulle aan die leerder moes uitbetaal van mnr. B terug verhaal? | 1 | 2 | 3 |
| 51 | Mnr. B behoort 'n duidelik leesbare kennisgewing by die sirkelsaag aan te bring dat geen saagwerk daarop gedoen mag word sonder die gebruik van 'n stootstok nie. | 1 | 2 | 3 |
| 52 | Die feit dat mnr. B 'n direkte opdrag aan die leerders gegee het om stootstokke te gebruik, kan 'n wesenlike verskil maak aan die afloop van die regsgeding. | 1 | 2 | 3 |

Baie dankie vir u samewerking